3 FOKUS

KATHU FOTOGRAFIE KLUB

KATHU PHOTOGRAPHIC CLUB

P·S·S·A

AMPTELIKE NUUSBRIEF VAN DIE KATHU FOTOGRAFIE KLUB

FEBRUARIE 2011

After the rain

DERDE IN PSSA SE LANDSWYE NUUSBRIEFKOMPETISIE 2010

Inhoudsopgawe

	Bladsy
Inhoudsopgawe	2
Kathu Fotografie Klub Agtergrond	3
Komitee	4
Redakteurs Brief	5
Die Posbus	6 en 7
Lief en Leed / gelukwensings	7 en 8
2011 Afskop	9 en 10
Profiel: Jacques Deacon	13 en 14
Kongresse	15
Kursusse en terugvoer van JAP kursus	16 tot 19
Salonne	20
Bulletin Bord: Fotogeleenthede Koop en Verkoop Fotografie Kompetisies Fotografie Werkswinkels	20 en 21
Lesing – Good Photography deur Richard Lynch	22 en 23
Werkswinkels en Maandbyeenkomste	24
Uitstappies en Ledelys	25
Punte totale en Koek lys (teebeurt)	26
Advertensies	27

Kathu Fotografie Klub Agtergrond

Posbus 1271, Kathu, 8446
www.kathufoto.org.za
http://kathufoto.ning.com

Kathu Fotografie Klub is by PSSA geaffilieer en bedien meestal die Kathu, Kuruman en Deben area. Die klub vergader elke laaste Dinsdagaand van die maand. Maandbyeenkomste word onderskeidelik in Kathu en Kuruman gehou. Die byeenkoms begin stiptelik om 18h30. Wanneer maandbyeenkomste in Kuruman gehou word, word dit in die raadsaal by Ben Niemand & Kie in Livingstonestraat gehou. Wanneer dit in Kathu gehou word, word dit in Kamer P3 by Kathu Kollege aangebied.

Die volgende byeenkoms sal op 29 Maart 2011 om 18:30 in Kuruman wees.

Daar is een webwerf en een sosiale netwerk wat die Kathu Fotografie Klub op die internet verteenwoordig. www.kathufoto.org.za is die publieke inligtings-webwerf. By hierdie webwerf vind jy relevante dokumente en vorms, PSSA inligting bv. Salonne en skakels na ander belangrike webwerwe. Die maandelikse Fokus word ook hier gepubliseer. Klub lede kan by ons sosiale netwerk op Face Book aansluit. mailto:kathufoto@groups.facebook.com Kom ons word almal deel van 'n groeiende Fotografiefamilie op Face Book in 2011.

Suzette Coetzee – Robberg hier kom ons

Komitee

Voorsitter
en Wedstryd Koördineerder

Susan Myburgh
083 448 9272
smyburgh@goggaconnect.co.za

Ondervoorsitter
Webmeester en Finansies

Japie Niemand
082 852 3423
japie@jnphoto.co.za



Wedstrydmeester
en Salon Direkteur

Hugo Myburgh
083 384 5708
Hugo.Myburgh@KIOLTD.COM

Kuruman
Verteenwoordiger en Sosiale skakel

Hettie Green
082 778 9462
kuyanda@vodamail.co.za

Redakteurs
van Fokus

Sonja Grobler, Susan Myburgh
En Japie Niemand

Uitstappie Koördineerder
en Adisionele Komitee Lid

Sonja Grobler
082 744 9057
fairlady@telkomsa.net

Brief van die Redakteurs

Die tyd is hier en binne 'n paar dae gaan ons vertrek na die jaarlikse CPS kongres. Dit is baie jare laas wat ek in Maart/April in Golden Gate was. Die "goue" seisoen van Clarens en omgewing. Ek onthou dit nog soos gister hoe opgewonde ek was oor my eerste "groot" fotografie uitstappie. Sjoe ek kan nie dink die tyd het so vinnig verby gegaan nie. Dit was ook een van daardie naweke wat ek as beginner fotograaf "klein" gevoel het tussen al hierdie "groot kanonne". Ek onthou die eerste oggend wat ons gaan foto's neem het saam met 'n groep so goed soos nou. Ons het langs die pad gestaan en wag vir die son om uit te kom en daar vêr onder het 'n ry geel Popppuliere gestaan en die beeste was oppad uit die kraal met die paadjie langs die veld in. Toe die son se eerste strale oor die berg kom en so mooi op die geel van die bome val en die beeste net-net raak was dit soos om 'n glas te breek in 'n lang gang. "Die weerklank van almal se shutters op hulle kamera's" Dan begin jy rond kyk en sien almal raak. Al die kamera's en al die lense en dan voel jy nog kleiner.
Hiermee wil ek vir die "beginner" fotograwe in ons klub sê:" moet asseblief nie dat dit jou afskrik nie!" Ons het almal daar begin en met wilskrag en deursetting sal julle ook daar kom. Onthou:" It is in the eye of the beholder" - jy sien 'n prentjie anderste raak as ander. Jy kry die wen foto en maak nie saak hoe groot of klein jou lens is nie. Dit is jou liefde en jy moet dit geniet. Ek sien uit na ons 10 se saamwees die naweek en ek weet ons gaan mekaar sommer baie beter leer ken en groot vriende word. Susan

Die afgelope naweek het ek PSSA se JAP kursus bygewoon. 'n Nuwe wêreld het vir my oopgegaan. Wanneer 'n mens 'n foto vanuit die oogpunt van 'n beoordelaar bekyk kom jy agter dat fotografie 'n lewenswyse is, 'n manier om jou hart en siel vas te lê in 'n paar miljoen pixels. Skielik kom jy agter dat komposisie veel meer is as woorde op 'n papier. En die woord "impak" kry gestalte in kleur en vorm. Die beoordelaar moet tot die volgende slotsom kom: Is die foto voor my 'n goeie foto of nie.
Wat is 'n goeie foto?. Geen maklike antwoord bestaan vir hierdie vraag nie. Ek wil graag die volgende woorde van die befaamde fotograaf Ansel Adams aanhaal hopende dat dit ons almal sal inspireer om met soveel passie fotos te neem dat dit duidelik sal wees in elke foto wat ons neem.
"Mr Adams on a good photograph:

- A good photograph is knowing where to stand
- A great photograph is one that fully express what one feels, in the deepeste sense, about what is being photographed
- A true photograph need not to be explained, nor can it be contained in words. "

Mnr. Adams het ook die volgende woorde gesê:
"There are no rules for good photography, there are only good photographs"
Ek wens al ons kongresgangers 'n wonderlike naweek toe. Geniet elke oomblik en kom veilig terug.
Groete
Sonja

DIE POSBUS

SKRYF ASSEBLIEF VIR ONS 'N BRIEFIE
DEEL MET ONS JOU LIEF EN LEED

I'm really so happy with the new photography equipment that I received from Japie! New Tripod, monopod, bag, flash, remote release, memory card and replacement battery for my camera..... wow and I really do feel that he gave me a great price and went the extra mile to accommodate all my hundreds of questions and my ummmms and aaaaahs of indescision.....Nou is ek sommer baie happy weer!!! Japie jy's my maaitjie! Jackie Sudding

Eerstens wil ek net se baie dankie aan die fotografie klub, die kort tydjie wat ek nou lid is het ek baie geniet en baie geleer. Baie dankie ook vir jou Susan vir al jou moeite om alles reg te laat verloop, ek weet dit is baie werk, ons wardeer dit. Ek is baie opgewonde oor die twee klub COMs wat twee van my fotos vir Februarie ontvang het, ek het dit eintlik glad nie verwag nie. Dit is vir my lekker om ander mense se terugvoering, positief of negatief, op my fotos te kry. Ek glo dit is al hoe 'n mens as fotograaf kan groei. Fotografie is nie bedoel om individueel beoefen te word nie, 'n mens moet jou werk met ander deel om die volle waarde daaruit te put. Ek weet ek gaan nog baie groei met die verloop van tyd. Daar is so baie om te leer, fotografie staan nooit stil nie. Dit maak my baie opgewonde! Jacques Deacon

Vir die Groblers het dit weer tyd geword om totsiens te sê vir hulle oudste dogter Talitha. Sy is terug na Taiwan en woon nou in Taoyuan waar sy by 'n privaat skool engels gee. Dit bly maar vir alle families 'n hartseer saak om hulle kinders te laat gaan min wetend wanneer almal weer eendag sal kan saamwees. Ek het net weereens besef dat ons kinders aan ons geleen word en dat elke oomblik wat ons saam met hulle is kosbaar is. Ek was ook bevoorreg om die JAP kursus by te woon. Dit was 'n wonderlike leersame ervaring. Baie dankie Susan vir al jou reëlings. Sonja (P.s Die vreeslike aarbewings in Japan het ons groot skrik op die lyf gejaag. Maar Talitha is veilig)

Ek gaan Ouma word, jippieeeeee! Ons sien vreeslik uit daarna, ek en Louis is al klaar baie, baie broeis. Ek dink die eerste kleinkind gaan baie bederf word. Verder werk ons net baie hard by die Kollege en daar is maar min tyd vir stokperdjies. Suzette

Susan (Venter) moes kliere onder haar arm laat verwyder wat haar gepla het. Die patologiese verslag het getoon dat daar kwaadaardige selle teenwoordig is. Sy gaan binnekort vir verdere ondersoeke in Bloemfontein. Dit gaan nou goed met my (Piet) vandat die dokters die oorsaak van my probleme opgespoor het. Piet Venter

Hallo Daar, Waarmee hou jul jul besig daar in die Kalahari? Ons was Saterdag na Ellisras vir Mia hulle se interskole en ek het die mooiste foto's gesien oppad. Dirk het gesê ons kan 'n naweek weer uitry net vir foto's. Ek wil regtig 'n bietjie landskappe oefen en kyk of ek nie 'n klompie foto's bymekaar kan maak vir Salonne.
Dit is nie meer so vreeslik warm nie en dis baie mooi hier. Ons was verlede Sondag in Marakele, 'n natuurreservaat net hier buite die dorp. Tot bo-op die berg gery en baie foto's

gesien wat ek daar kan neem. Sal 'n volgende keer vroeër gaan om foto's te neem. Ek het by 'n vrou uitgekom wat skilder en klasse gaan begin aanbied in olieverf. Ek sien nogal uit daarna en wag nou net dat sy my moet laat weet oor die tye. My kinders verlang na die Kalahari en Dirkie hou nie van die toegeit hier nie. Ons kyk nog uit vir 'n plot, maar dis vreeslik duur. Groete, die Kotzes.

Lief en Leed

Venter's: Susan en Piet, ons wil vir julle baie sterkte toewens met die pad wat voor lê. Daar gaan baie opdrandes wees en baie dae van swaarmoedigheid. Daar gaan baie vrae wees waarvoor daar nie dadelik antwoorde is nie maar julle moet bly glo en sterk wees. Ons bid vir jou Susan en ons sal daar wees wanneer jy ons nodig het.

Suzette: Baie geluk "OUMA" ! Voorspoed en ons hoop als verloop goed.

GELUKWENSINGS

Baie geluk aan Johann Richter wat die 5de Maart verjaar het.
Baie geluk aan Susan Venter en Jacques Deacon wat opgegradeer het na 2 ster.
Baie geluk aan Susan Venter en Jacques met hulle C.O.M toekennings.
Baie geluk aan Suzette Coetzee vir die beste foto ingeskryf in 1-3* (twee in 'n ry!)
Baie geluk aan Anida Kotze vir die beste foto ingeskryf in 4-5*

Welkom in die Salon wêreld Sonja en Schoeman. Ons hoop julle hou by jul uitdaging om te kyk wie gaan eerste oor na 4*. Suzette ons wag vir jou.

Jacques Deacon – Golden drops – C.O.M.

Susan Venter – Dubbel Sonneblom - C.O.M.

Suzette Coetzee – Visserman - Wenner 1-3*

Anida Kotze – Flair – Wenner 4-5*

2011 AFSKOP

Vrydagaand 11 Februarie het van die lede in die Wildkamp gaan oefen om landskappe te neem. Ek en Hugo het so bietjie rondgery, maar soos Murfy dit wou hê is die lug maar "flat" en nie veel wolke nie. Later het daar wel 'n wolkbank op die horison verskyn, maar dit was een van daardie wolke wat die son versteek het en nie die lug mooi verkleur het nie. By die windpomp en sinkdam bo in die wildkamp kry ons 'n paar Blouwildebeeste en Kameelperde, maar ai die son is agter die wolkbank en ons probeer toe maar "close-ups" neem. Oppad terug na die lapa stop ons by die gronddam wat baie leeg is. Ons wag vir die son om te sak en die goue strale om deur te breek, maar die wolk bly donker en die goud word nie goud nie.
By die lapa kuier almal lekker en ons klets en gesels oor allerhande ervarings en voorneme en doelwitte vir die jaar. Die aand was baie ontspannend en om vleis te braai so in die natuur laat mens net weereens besef hoe gelukkig is ons om hier in die Kalahari te woon.

Susan Myburgh - Dam

Susan Myburgh - Weerkaatsing

HIER IS 'N PAAR BEWYSE VAN HOE LEKKER ONS GEKUIER HET.

Hugo Myburgh - Kameelperde

FLOPS, FOEFIES EN FANTASIEË

HIERDIE IS DIE FOKUS SE NUWE PRETBLAD

Ons gaan elke maand vir julle die geleentheid bied om die foto's wat jy diep wegsteek met ons te deel.

Ons deel met julle die lede se foto's – " 'n persoon wat jy onverhoeds afgeneem het"

Hugo Myburgh – Sonja en Thelma met die Photowalk

Hugo Myburgh – Suzette en Anida tydens die werkswinkel oor beligting

Piet Venter, by Augrabies nadat hulle foto's geneem het en van die sproeireën was hul pap nat, Susan het so in 'n bondeltjie gaan lê en aan die slaap geraak.

Sonja Grobler – tydens CPS

Susan Myburgh – Hugo strip

Suzette Coetzee – Oe die wind ! Dit is hoe mens lyk as die wind waai in die veld terwyl jy probeer vetkoek bak.

DIE NUWE MAAND SE UITDAGING IS: GESIGSUITDRUKKINGS !

Ons vra die lede om foto's in te stuur van mense wat jy afgeneem het met 'n snaakse gesigsuitdrukking

Profiel

Jacques Deacon

PERSOONLIK:

Naam: Jacques Deacon
Beroep: Geoloog
Gebore in: Sishen (die ou dorpie, nou bekend as Dingleton)
Skoolloopbaan: Laer- en Hoërskool Kathu
Na skool: Universiteit van die Vrystaat (UOVS)
Loopbaan tot nou: 2010-2011 Kumba Iron Ore (Sishen Myn)
Gunsteling kleure: Groen en Blou
Lekkerste reuk: Regte Vars Koffie
Gunsteling kos of lekkerny: 'n Goeie steak
Gunsteling drankie: Coke of Koffie
Gunsteling musiek: Afrikaans, Rock, Pop, Golden Oldies
Gunsteling fliek: Blood Diamond, Gladiator, Avatar, Alice in Wonderland (2010)
Gunsteling TV-program: Topgear op BBC, Natgeo, Discovery, Sport (Rugby en Gholf), KykNet
Gunsteling boek: Weg! Tydskif en ander rekenaar-, fotografie- en motor tydskrifte
lees op die oomblik: Baie Ebooks oor fotografie en Photoshop
Hoe bederf jy jouself? Koop vir myself iets wat ek graag wil hê (en sal gebruik)

FOTOGRAFIE:

Ster gradering: 2 ster (Feb 2011)
Kamera toerusting: Sony A100 DSLR, Sony 18-70mm, Tamron 90mm Marco, Sigma 70-300mm, Sigma 50-500mm, SLIK Tripod.
Gunsteling lens: Tamron 90mm Macro
Wat fotografeer jy graag: Makro fotografie, meestal natuur voorwerpe
Foto wat jy graag wil neem: Hummingbird in flight
Wanneer het die fotografie gogga jou gebyt: Op Hoërskool al bietjie, maar eintlik eers in 2006
Grootste prestasies in fotografie tot dusver: 2 COM's vir Februarie 2011, Top 10 in CumputerActive se Photographer of the year (2007), 'n paar Top 10'sop DPChallenge.com.

Hoekom het jy by die fotoklub aangesluit: Ek wil groei as fotograaf deur my werk meer bloot te stel aan ander mense en fotograwe.
Voldoen die fotoklub aan jou behoeftes: Ja, baie lekker dankie.
Beste wenk in fotografie: Eet, slaap en lewe fotografie. Kyk na soveel fotos as moontlik en lees soveel as moontlik op oor tegnike en tegnologiese verbeterings. Fotografie het nie perke nie! Die druk van die knoppie is net die begin van die finale beeld. Kry "post processing" onder die knie. Dit is baie kragtig en noodsaaklik in die digitale era.

ALGEMEEN:
As jy enige iemand kon ontmoet, wie sou dit wees? Bear Grylls (NatGeo se Ultimate Survivor aanbieder)
Wat sal jy hom/haar vra? EK wil weet hoe proe 'n paar van die goed wat hy eet, ek het nie die wilskrag om dit self te eet nie!
Toekomsplanne: Ons almal se paaie is klaar vir ons uitgesit, al verstaan ons nie altyd alles nie. Ek wil net so veel as moontlik van ons pragtige wêreld sien in my kort tydjie hier op aarde. Die wêreld is pragtig gemaak en mens hoef nie altyd vêr te gaan soek vir die mooi goed nie, ons strompel elke dag daaroor in ons daaglikse gejaag. As ek 'n paar van die mooi goed kan vaslê op film (of sensor!) en deel met ander sal ek gelukkig wees.

Jacques Deacon – The Flower and The Bee

Jacques Deacon – Riemvasmaak Panorama

KONGRESSE

CPS Kongres
GOLDEN GATE ~ 18 – 21 MAART

Bethlehem Fotografieklub nooi jul vriendelik uit na die CPS kongres 2011
Datum: 18 – 21 Maart 2011
Plek: Wilgenhof Environmental Education Centre binne die Golden Gate Nasionale Park
Douwlina Boshoff douwlina@telkomsa.net
Daar is ook baie ander verblyf in Golden Gate en ook in Clarens
Vir verblyf in Clarens kontak:
Mountain Odessy (agentskap)
0826549989
0582561173/1480
Epos: odessey@isat.co.za
www.infoclarens.com
Kathu Fotografie Klub betaal die verblyf van elke opbetaalde lid wat na die kongres gaan.

CAPE PHOTOGRAPHERS REGIONAL CONGRES
28 April – 2 Mei 2011

Besoek PSSA se webblad vir meer inligting oor die Weskaap we kongres.

PSSA NATIONAL CONGRES
1 – 6 Oktober 2011

Noord Gauteng nooi almal uit na die Nasionale Kongres wat gehou word by Hartbeespoort naby Pretoria. Have the world in your reach.
* Walk with elephants
* Run with the cheetah
* Meet our ancestors
* Own the night
* Learn from the masters

Early Bird pakket tot 30 Junie 2011 is R990.00 per persoon vir PSSA lede
Kry al die ander inligting en registrasie vorm op die PSSA se webblad. Dit is die geleentheid van die jaar vir foto's
www.pssa.co.za

KURSUSSE

Die volgende kursusse word deur Igno Van Niekerk in Bloemfontein aangebied.

26 Maart: **Inleiding tot die neem van Troufoto's** en Praktiese oefening die middag. Kursus begin 8:30 tot ongeveer 18:00 die middag. Kostes is R900.00 pp (slegs 12 persone)

18 en 20 April: **Lightroom Kursus.** Beide aande 18:00 tot 21:00. Koste is R800.00pp en slegs 10 persone sal toegelaat word.

13-14 Mei: **Basiese Fotografie** – Leer ken jou kamera. Digitale kompak "mik en druk" kameras, sowel as digitale SLR is welkom. R350.00 pp – Registreer asb deur Igno te laat weet by igno@intekom.co.za

28 Mei: **Fotografie van Kinders**. Kursus begin 9:00 tot 14:00uur. Kostes R250.00pp

Ek probeer om vir Igno weer hier by ons te kry in die Kalahari, maar hy is baie besig soos julle kan sien. Ek sal weer met hom praat by die kongres en kyk of ons 'n datum kan vasmaak.

26 en 27 Maart - JAP session 1 SERPS and Southern Gauteng (inligting op PSSA se webblad)

PSSA JAP KURSUS

(Kuruman 5-6 Maart 2011)

Vandat ek 'n vierster gradering behaal het was dit vir my baie belangrik om te weet hoe werk die be-oordeling van 'n foto, in die klub en ook by 'n salon. Die eerste oomblik toe ek hoor dat PSSA so 'n kursus aanbied het ek navraag gedoen en besluit ek wil dit doen. Elke keer is die kursus net te ver van ons aangebied om dit by te woon. Die naweek het aangebreek en ek was baie opgewonde daaroor. Francois het vir ons vooraf dokumente gestuur wat ons moes lees en daarin het ek alreeds baie geleer, gesien en besef dat be-oordeling nie 'n grap is nie. Ek plaas die eerste van hierdie dokumente onder Lesings nl. Good Photography by Richard Lynch Johann van der Walt - APSSA (1st Vice-President) en Francois Roux – Hon FPSSA FPSSA van PSSA het hul weg oopgesien om vir ons die kursus in Kuruman te kom aanbied. Sonja het haar huis aangebied as gastehuis en konverensie lokaal vir die kursus. Dankie Sonja vir jou gasvryheid en regstaan die hele naweek. Susan

Hugo se opsomming

Die engels-verklarendewoordeboek sê: "JAP – short for Japanese". Gelukkig het ons nie die naweek gespandeer om iets oor Japan of Japanese kultuur te leer nie. Omdat dit iets met PSSA te doen het, het ek dus op hul "web page" gaan kyk en hulle beskrywing vir JAP is "Judging Accreditation Program". Maar wat beteken dit. Die volgende twee paragrawe vat alles saam:

"The Judging Accreditation Programme (JAP in short, luckily nothing about Japanese) is an effort initiated by PSSA to help members become more proficient photographic judges. As a photographic society, one of our most important roles is to nurture and encourage photographers at all levels to increase their knowledge and expertise."

"Judging is and always will be subjective; the intention is not to train a series of clones but for judges to see photographs with an open mind and against the background of an awareness of the larger world of art and photography beyond the limits of the club."
Dit was baie insiggewend om uit te vind waarna ons moet kyk om foto's te beoordeel en die benadering wat ons moet volg. Daar is egter ander voordele wat daaruit voortvloei en dit is:

- Ek weet waarna om te kyk as ek foto's soek vir salonne
- Ek weet hoe om foto's te neem vir kompitisie doeleindes (nie kiekies nie)
- Ek weet hoe om my foto's te evalueer vir klub inskrywings
- Ons sal ander klub se foto's beter kan beoordeel
- Dit het weer inspirasie gegee om te gaan en foto's te neem vir die doel om in te skryf vir salonne en klubs

Ek wil ook net afsluit deur te se dat die onderstaande punte wat ek gegee het "Waarna om te kyk as jy inskryf" vir salonne of klub, nog steed geld:

- Eenvoud
- Impak
- Mood
- Storytelling
- Iets anders
- Rarityd

Geniet jul fotografie en om 'n aanname te kan kry is maar net 'n bietjie meer effort wat ons moet insit.

<u>Sonja som die naweek vir ons so op.</u>
"Die naweek van 5 en 6 maart was vir 'n paar van ons klublede 'n aangename tyd. Johan en Francois, beide gerekende fotograwe en deel van die topstruktuur van PSSA, het by ons in Kuruman kom kuier om die JAP kursus aan te bied aan klublede wat by PSSA geregistreer is. Wat 'n aangename en leersame ervaring was dit nie. Die twee manne weet duidelik waarvan hulle praat en hulle passie vir fotografie was duidelik in die manier hoe hulle die kursus vir ons aangebied het.

Die kursus is daarop gemik om gewone fotograwe toe te rus met genoegsaam kennis om ander fotograwe se foto's te beoordeel. Die hoofklem van die hele naweek se kursus het geval op posetiewe beoordeling Ons is geleer om heel eerste na die posetiewe aspekte van 'n foto te kyk. En dan,as 'n nagedagte die negatiewe uit te lig. Te veel fotograwe het langs die pad opgehou foto's neem a.g.v beoordeelaars wat min posetief te se het en die negatiewe benadruk het. Dit is ook die twee manne se doel om te keer dat beoordeelaars gekloon word m.a.w dat alle beoordeelaars vanuit dieselfde oogpunt na foto's kyk.

Die kurus het alle genres van fotografie ingesluit, van pictorial na landskappe en makrofotografie na foto joernalistiek. Elke kategorie het verskillende aspekte waarna gekyk word. Die klem is gele op die manier hoe elke kategorie se fotos geneem word en watter

beperkings daar is wanneer mens foto's neem. Ons is ook geleer om baie mooi te dink voor mens kommentaar gee omdat elke kategorie sy eie uitdagings bied. Die belangrikheid van die "wow" factor is veral bespreek asook aspekte soos cropping, beligting en fokus.
Elke afdeling het ook 'n praktiese aspek gehad waar elkeen die kans gegee is om na 'n foto te kyk en komentaar te lewer.

Ek sal hierdie kursus ten sterkste aanbeveel aan al ons lede. Nog 'n baie baie goeie rede om maar daai geldjies vir PSSA registrasie uit te haal. Dis regtig die moeite werd. Johan en Francois beplan 'n opvolg kursus later in die jaar."

Hier bied Francois 'n deel van die kursus aan en ons luister aandagtig.

Heerlike middagete voorberei deur Sonja

BRIEWE VAN ONS KONGRESGANGERS

Schoeman Botma van Kathu skryf: "Ek wil baie dankie sê vir jou vir al die reëlings van die kursus, weet dit kom al 2 jaar aan, en ek was so gelukkig om in die maand wat ek by PSSA aangesluit het dit te kon bywoon. Sonja julle plekkie is pragtig en dankie vir die lekker bederf met al die kos (is vies vir myself dat ek so baie geëet het). Francois en Johann, die kursus was baie insiggewend en het ons baie van die ander spesialis groepe geleer waarvan ons nie so baie geweet het nie. Nou weet ek presies wat ek nie moet doen nie, en sal dit moet oefen tot ek dit regkry sodat ek darem ook 'n paar salonne kan kry en vorder. Ek het veral die beoordeling baie geniet en was interessant hoe mense se opinies verskil.

Negatiewe komentaar laaste, so het ek geleer en in die geval (kursus) was daar geen.
O ja Sonja, die weddenskap staan nog. Dankie julle almal."

Corrie Fick van Postmasburg skryf: "Die kurses was baie insigewend en doelgerig. Die beoordeling van verskillende katogorie moet verskillend beoordeel word. Elke katogorie wat beoordeel word moet beoordeel word deur 'n bevoegde persoon wat genoeg kennis het van die onderwerp. Ek dink die hele kurses is uitstekend aangebied met genoeg inligting om enige persoon meer selfvertroue te gee om beelde te beoordeel.Die aspek van positiewe en opbouende kritiek is vir my baie belangrik en gee meer dimensie aan fotografie. Ek dink die kurses gangers het baie baat gevind oor die algemene tegniek van fotografie. Ek hoop net en ek glo daar sal 'n opvolg wees van die kurses."

Jacques Deacon skryf: "Baie dankie vir die JAP kurses die afgelope naweek. Baie dankie vir al die reelings. Ek glo ons almal het baie geleer."

Piet Venter sê: "Ek het die JAP kursus baie geniet en alhoewel ek as beginner in die diepkant ingegooi is, het ek die kursus uiters leersaam gevind."

ONS AANBIEDERS SKRYF

"Dit was 'n heerlike naweek. Ek was maar bly die weer was nie reg vir foto's nie, so ek kon verlore slaap inhaal. Julle manier van doen pas ons perfek, die informele atmosfeer pas ons want dit skep die regte leer omgewing. Baie dankie vir die gasvryheid, ons het heerlik gebly en gekuier. Sien uit na die opvolgsessie. Groete, Francois."

Dankie Susan, ja ons het die naweek baie geniet. Julle gasvryheid en gemaklikheid was erg aansteeklik, ons waardeer dit! Ons sal ons bes doen om op 'n stadium so 'n dokument beskikbaar te maak. Wat die weer aanbetref.... wel daar kom mos nog 'n sessie! Groetnis, Johann

SALONNE

19 Maart 2011 – CERPS Circuit Salon van Boksburg en Edenvale
- Nature General - Nature Birds - Pictorial Open
- Pictorial Human Portraits - Pictorial Sport - Pictorial Monochrome

19 Maart 2011 – BRISTOL Internationale Salon – www.bristolphoto.org.uk

8 April 2011 – 2nd VPS Landscape Salon
- Landscape Colour Nature - Landscape with Human interest
- Landscape Nature Monochrome - Landscape Panorama open

7 Mei 2011 – Vanderbijlpark Digitale image Salon
- Nature - Pictorial Sport - Pictorial Open

17 Junie 2011 – Randburg Photoclub Digital Salon

Hier is 'n paar lekker onderwerpe om aan deel te neem. Kyk daarna en maak gebruik van die geleentheid om van hierdie onderwerpe af te neem. Indien jy nie die salon reëls van die internet afgelaai kry nie, laat weet my dan stuur ek dit aan vir jou. Besoek ook gereeld die PSSA se webblad en gaan kyk na al die salonne en kompetisies daar. www.pssa.co.za

BULLETIN BORD

FOTOGELEENTHEDE

Hier wil ons graag vir die lede vra om inligting oor moontlike fotogeleenthede in die omgewing na ons toe te stuur. Ons plaas dit dan op die Bulletin bord sodat julle kan gaan foto's neem. Enige inligitng bv. Perdesport, skolesport, motorfiets resies ens.

9 April - Perde Uithourit op Louwna
15 April - Hoërskool Kathu Straatkarnaval
30 April - Motorfietsresies Vryburg

KOOP EN VERKOOP

Indien jy enige Kamera's, kamera toerusting of fotografie ware het wat jy wil verkoop, laat weet my dan plaas ons dit hier. As jy op soek is na enige spesifieke toerusting doen hier navraag

KOMPETISIES IN FOTOGRAFIE

As jy inligting het oor enige fotografie kompetisies, dan plaas ons dit hier.

PROUDLY SOUTH AFRICAN - PHOTOGRAPHIC COMPETITION
OVER R50, 000 IN PRIZES TO BE WON

Categories: *SLR CATEGORY for advanced Photographers:*
1st Prize Travel voucher sponsored by Canon to the value of R20 000-00
2nd Prize R3000 Katz Voucher
3rd Prize R2000 Katz Voucher
Point and Shoot CATEGORY for Point and Shoot or Prosumer Camera's:
1st Prize Travel voucher sponsored by Canon to the value of R10 000-00
2nd Prize R3000 Katz Voucher
3rd Prize R2000 Katz Voucher
There will also be a lucky draw for additional prizes including coffee-table books, photographic equipment and membership of the Port Elizabeth Camera Club and the Photographic Society of South Africa. Sent via email to lab@katz.co.za
SLUITINGSDATUM IS 31 MAART 2011

Nikon bied ook elke sondag in die RAPPORT 'n foto kompetisie aan. Vir die van julle wat belangstel kan gerus die kompetisie reëls en inligting in Rapport kry.

3 April 2011 – Fourth "Up and Coming" photography Competition – kry inligting op PSSA webblad

LESING

"GOOD PHOTOGRAPHY" van Richard Lynch

A topic that comes up again and again in my classes and presentations in one form or another is "What makes a good photo?" There is no simple answer.
However, there are pure, simple facts of what comprises good photography. Good photography takes into account many things: lighting/shadow, composition, exposure, subject, story, color, contrasts, sharpness, depth of field, and more -- often intangible -- things. A good photo is one with great orchestration of the facets of photography, that ends in a pleasing image. Likely there is a little bit of luck tossed into our salad of preparation, positioning and equipment.
There are no bonus points for dangling from helicopters except in that it may offer the right perspective. A great moment, whether captured of a penned animal or one in the wild, is still a great shot. Whether they look while standing knee deep in mud or sitting in a plush armchair, the final image is what the viewer sees...no less or more because of the subject or how it was captured. Passion for a subject should be evident in the photography of it.
There is no one philosophy that will capture a great image, but any great image will encompass all these things. I think the ideals are reinforced by the perceptions of Ansel Adams, and I have collected a few of his attributed comments here:

Mr. Adams on a good photograph:

· A good photograph is knowing where to stand.
· A great photograph is one that fully expresses what one feels, in the deepest sense, about what is being photographed.
· A true photograph need not be explained, nor can it be contained in words.

On the rules for making a good photograph:

· There are no rules for good photographs, there are only good photographs.

On luck in making photos:

· Sometimes I do get to places just when God's ready to have somebody click the shutter.

On perspective of observing photos:

· A photograph is usually looked at - seldom looked into.
· There are always two people in every picture: the photographer and the viewer.

On how to take an image:

· To photograph truthfully and effectively is to see beneath the surfaces and record the qualities of nature and humanity which live or are latent in all things.

On photography and the creative spirit:

· No man has the right to dictate what other men should perceive, create or produce, but all should be encouraged to reveal themselves, their perceptions and emotions, and to build confidence in the creative spirit.

To me, wherever there are opportunities, I am glad to share the joy of photography, at whatever level...photographs need not be marred by griping discussion for what an image could have been, *if only*...Shots can be satisfactory as an amateur or professional, and only your own expectations of what is good will change. Images can be explored in greater depth and improved in image processing to bring out more -- as Adams often did himself as an artisan in the wet darkroom, which today we can all explore without chemicals using Photoshop or Elements.

As you explore your photography on whatever level, and as your skills develop, enjoy it for what it is. Enjoy a sense of accomplishment in how you improve or improve your images, and your skills. Resist the urge to be overly critical and poison the water that keeps your interest in images and photography growing.
A good photo is always the one you are about to take, and it can be better for what you learned from the experience you gain as you shoot.

Jacques Deacon – Christmas stillife

FOTOGRAFIE WERKSWINKELS

Hier laat weet ons vir julle wanneer en waar 'n werkswinkel plaasvind. Deur ons eie klublede of deur enige ander instansie.

PRAKTIESE WERKSWINKEL BUITE KLUB 2011

DATUM	ONDERWERP	WAAR GEHOU.
11 Februarie	LANDSKAP met sonsondergang	KATHU Wildkamp
14 Mei	IN MY TUIN Stillewe, Makro Landskap	EIE OF SAAM
Junie	Portretstudie in natuurlike lig	KATHU OF KURUMAN
Julie	SHARP SHOOT soos 'n fotoren	OP 'N PLAAS
5-9 Aug	STAR TRAILS sterre en die maan	DABERA'S Anderkant Augrabies
September	AKSIE Stock Cars	KATHU Ovaal baan
November	NAG FOTOGRAFIE Ligte van die myn	KATHU Sishen Myn

MAANDELIKSE BYEENKOMSTE 2011

Neem asb kennis dat hierdie datums kan verander soos ons besoekers kry.

DATUM	TEMA	BESPREKINGS EN PHOTOSHOP
25 JANUARIE '11 KATHU	OOP	KOMPOSISIE - van Koot Marais = Hugo Photoshop - 9 stappe om foto's reg te kry
22 FEB of 4 MRT KATHU	OOP	Lesing 2 Tegnies - Kamera
29 MAART '11 KURUMAN	Landskap Sonsondergang	Lesing 3 Photoshop
3 MEI '11(April) KATHU	OOP	Lesings 4 Tegnies - Kamera
31 MEI '11 KATHU	Herfs Landskap geel, roes, bruin, groen	Lesing 5 Photoshop
28 JUNIE '11 KURUMAN	Stillewe, makro Makro landskap, voëls	Lesing 6 Tegnies - Kamera
26 JULIE '11 KATHU	Portretstudie natuurlike lig	Lesing 7 Photoshop
30 AUGUSTUS '11 KATHU	OOP	Lesing 8 Tegnies - Kamera
27 SEPTEMBER '11 KURUMAN	STAR TRAILS sterre of maan	Lesing 9 Photoshop
25 OKTOBER '11 KATHU	AKSIE	Lesing 10 Tegnies - Kamera
29 NOVEMBER '11 KATHU	NAG FOTOGRAFIE myn ligte/straatligte	**LEKKER KUIER AAND**

UITSTAPPIES VIR 2011

DATUM	TIPE UITSTAPPIE	PLEK WAARHEEN	Ko-ordineerder
11 FEBRUARIE	Afskop en FOTOGRAFIE	WILDKAMP KATHU	Susan, en Hettie Green
4, 5 EN 6 MAART	**J.A.P KURSUS PSSA LEDE**	**KURUMAN**	**Sonja, Susan en Japie**
18 tot 21 MAART OKTOBER	C.P.S KONGRES PHOTOWALK	GOLDEN GATE KURUMAN	Susan EN Japie JAPIE
5 TOT 9 AUG	STAR TRAILS	DABERA'S	SONJA JAPIE
13 TOT 16 OKT	FILM & PHOTO EXPO	JOHANNESBURG	
OKTOBER	NATIONALE KONGRES	PRETORIA	Elk vir homself

LEDELYS

Lid Nr	Name	*	Cell Phone Nr	Email	Location	Birthdate	Date Joined
1001	Hugo Myburgh	5	083 384 5708	hugo.myburgh@kioltd.com	Kathu	4/10/1956	7/27/2009
1001.1	Susan Myburgh	5	083 448 9272	gogga.myburgh@gmail.com	Kathu	10/12/1961	6/21/2009
1002	Anida Kotze	4	084 404 5086	anida.kotze@gmail.com	Kathu	4/11/1963	5/19/2010
1002.1	Dirkie Kotze	3					
1002.2	Mia Kotze	3					
1004	Huibri Kotze	4	084 657 3738	huibri.kotze@kioltd.com	Kathu	10/21/1972	10/7/2009
1005	Schoeman Botma	3	083 304 1083	schoeman.botma@kioltd.com	Kathu	1/30/1969	12/1/2010
1006	Japie Niemand	4	082 852 3423	japie@jnphoto.co.za	Kuruman	11/8/1968	6/19/2009
1007	Suzette Coetzee	3	083 631 5891	suzette.c@vodamail.co.za	Deben	9/29/1959	7/16/2009
1008	Hans Venter	3	078 486 1021	hventer@polka.co.za	Kuruman	4/5/1957	7/1/2009
1009	Leon Green	3	082 824 2448	kuyanda@vodamail.co.za	Kuruman	8/24/1958	7/4/2009
1009.1	Hettie Green		082 778 9462				
1010	Sonja Grobler	3	082 744 9057	fairlady@telkomsa.net	Kuruman	10/20/1959	7/16/2009
1011	Taljaard van Huyssteen	2	082 784 2292	ftvanhuyssteen@isat.co.za	Kuruman	4/15/1957	7/16/2009
1012	Jacqueline Sudding	3	082 781 7900	JSudding@gmail.com	Kathu	10/14/1973	2/16/2010
1013	Theo Coetzee	2	084 699 2016	theo@coetzeeaccountants.co.za	Kathu	6/13/1957	5/13/2010
1013	Sanet Barnard	1	082 340 8302	sanet.barnard@yahoo.com	Hartswater	10/8/1957	8/20/2010
1015	Piet Venter	2	082 253 8472	pietv@ioffice.co.za	Kuruman	8/1/1944	10/19/2010
1015.1	Susan Venter	1	082 559 6067	susan@ioffice.co.za	Kuruman	8/27/1951	10/19/2010
1016	Willem Loock	3	083 309 9672	Willem.Loock@KIOLTD.COM	Kathu		
1017	Fred Polzin	1	082 969 7648	fredp@nexus.co.za	Kuruman	1/12/1935	10/19/2010
1018	Zanné Kruger	1	082 819 5473	zkruger3@gmail.com	Deben	8/13/1993	1/1/2011
1019	Jacques Deacon	1	082 4438 988	jacquesdeacon@gmail.com	Kathu	11/7/1985	1/8/2011
1020	Vicki Oelofse	1	082 410 0714	vicki.oelofse@telkomsa.net	Kuruman	8/15/1975	1/27/2010
1021	Johann Richter	1	054 739 2200	johannrichter@absamail.co.za	Kathu	3/5/1900	1/29/2010
1022	Dawn Grobler	1	083 414 3130	dawng@xsinet.co.za	Kuruman	7/29/1900	2/24/2011

PUNTE TOTALE

KOMPETISIE RESULTATE SOOS OP :								Februarie 2011			
2011	**Klub kompetisiepunte vir 2011**					**TOTALE tot op datum**		**Op ster Gradering**			
DIGITALE FOTO'S						**Salon**	**Goud**	**Punt**	**Nodig vir bevordering**		
	COM	Goud	Silwer	Brons	Punte				Goud	Punte	Salon
VYF STER GALAXY											
VYF STER									**50**	**200**	**60**
Hugo Myburgh	0	0	0	0	0	**46**	**122**	**200**	3	0	34
Susan Myburgh	0	1	5	2	15	**64**	**83**	**42**	46	158	22
VIER STER									**30**	**120**	**20**
Huibri Kotzé	0	0	1	4	6	**6**	**43**	**6**	30	114	20
Japie Niemand	0	1	3	4	13	**6**	**44**	**13**	29	107	20
Anida Kotzé	0	4	2	2	18	**23**	**60**	**92**	14	28	3
DRIE STER									**24**	**96**	**6**
Schoeman Botma	0	0	0	0	0	**0**	**43**	**96**	0	0	6
Suzette Coetzee	0	6	1	1	21	**0**	**40**	**96**	6	0	6
Dirk Kotze	0	0	0	0	0	**0**	**29**	**28**	24	68	6
Hans Venter	0	0	0	0	0	**0**	**32**	**47**	14	49	6
Mia Kotze	0	0	0	0	0	**0**	**37**	**34**	14	62	6
Sonja Grobler	0	4	4	0	20	**0**	**46**	**96**	0	0	6
Jacqueline Sudding	0	1	3	4	13	**0**	**27**	**37**	19	59	6
Willem Loock	0	0	0	0	0	**9**	**22**	**21**	20	75	0
Leon Green	0	0	0	0	0	**0**	**22**	**18**	22	78	6
TWEE STER									**12**	**48**	**0**
Theo Coetzee	0	5	2	1	20	**0**	**21**	**44**	0	4	0
Jacques Deacon	2	4	2	0	24	**0**	**6**	**0**	12	48	0
Susan Venter	1	6	1	0	24	**0**	**7**	**0**	12	48	0
Piet Venter	0	5	3	0	21	**0**	**9**	**10**	10	38	0
Taljaard van Huysteen	0	0	0	0	0	**0**	**14**	**43**	4	5	0
EEN STER									**6**	**24**	**0**
Lance Aukett	0	0	0	0	0	**0**	**1**	**6**	5	18	0
Sanet Barnard	0	3	1	0	11	**0**	**6**	**23**	0	1	0
Zanne Kruger	0	4	0	0	12	**0**	**4**	**12**	2	12	0

BEURTE om ietsie te bring om te eet.

MAAND	PERSONE
Januarie	Susan en Jackie
Februarie	Schoeman en Huibri
Maart	Hettie en Vicki
April	Suzette en Zanne
Mei	Sonja en Fred
Junie	Susan Venter en Taljaard
Julie	Theo en Jacques
Augustus	Willem en Sanet
September	Japie en Piet Venter
Oktober	Hugo en Leon
November	Klub

ADVERTENSIES

Ons nooi al ons opbetaalde Klublede uit om hulle produkte of besigheid hier te adverteer.

KURUMAN BULLETIN - VIR ALLE NUUSBROKKIES EN GEBEURE KAN JULLE VIR MY KONTAK. EK IS NOU 'N KORRESPONDENT VIR DIE KOERANT
SUSAN MYBURGH – 0834489272

Baie dankie aan al ons lede wat vir ons nuus en foto's gestuur het. Sonder julle bydraes is dit onmoontlik om 'n suksesvolle Fokus aan te bied. Dit is veral julle bydraes oor julle lief en leed wat so belangrik is vir kontak tussen ons lede. Sien julle almal die 29e Maart in Kuruman vir 'n baie interessante aand.

" It is far more difficult to be simple than to be complicated, far more difficult to sacrifice skill and cease exertion in the proper place, than to expend both indiscriminately. To see clearly is poetry, prophecy and religion, all in one. " John Ruskin

---